5.5.5 Die opstel van gemeenskapsaksieplanne en die deurlopende evaluering van die vordering daarvan.

5.5.6 Die inisiëring van projekte wat gerig is op behoeftebevrediging in die gemeenskap.

5.5.7 Om private sektor betrokkenheid by aksieplanne te bekom en te bevorder.

5.5.8 Om sinvolle kommunikasie met die owerheid uit te bou en in stand te hou.

5.5.9 Om probleme of behoeftes wat deur die owerheid aangespreek moet word, na die PKS te verwys.

5.5.10 Om die gemeenskap deurlopend op die hoogte te hou of te laat hou met die vordering wat daar met aksieplanne gemaak word.

5.5.11 Om behulpsaam te wees met die saamstel van projekspanne om spesifieke aksies in die gemeenskap van stapel te stuur.

5.6 Skakelmeganismes

Die GSF of Ontwikkelingsvereniging en die PKS moet 'n sinvolle skakelingsprosedure tot stand bring. Dit sal impliseer dat verteenwoordigers van eersgenoemde op bepaalde tye by die PKS sal aansluit om sekere sake na behoefte daar te hanteer. Dieselfde sal ook geld waar verteenwoordigers van die PKS op bepaalde tye by die GSF of Ontwikkelingsvereniging sal aansluit. Afgesien van vaste en geskeduleerde bywonings van samesprekings of vergaderings van tyd tot tyd, soos reeds na verwys, kan daar ook op 'n ad-hoc basis skakeling na behoefte plaasvind.

Die plan van aksie wat vanuit die gemeenskap saamgestel is en wat 'n weerspieëling is van die behoeftes en probleme van die gemeenskap, sal tydens hierdie gemelde skakeling die inhoud van die samesprekings vorm.

Nadat so 'n aksieplan opgestel is en die gemeenskap homself ook getaak het om sekere aksies self te hanteer en af te handel, moet hierdie aksieplan aan die PKS voorgelê word, sodat die owerheidsektor se verteenwoordigers hulself daarbinne kan taak.

Nadat laasgenoemde afgehandel is beskik die PKS oor 'n volledige plan van aksie wat die gemelde behoeftes van die gemeenskap reflekteer en wat gevolglik by die uitvoering daarvan die samewerking en goedgesindheid van die gemeenskap sal verseker aangesien hulle deel gehad het in die opstel van die plan.

Die PKS kan verder 'n belangrike rol speel in die mobilisering van veral die private sektor by die uitvoering van die aksieplan. In hierdie opsig word onder andere gedink aan die rol wat die onderskeie SOAK's, SOV's en DOV's in hierdie verband kan speel.

ii. Elke vergadering moet as 'n werksessie beskou word. Indien daar nie dringende werk is wat gesamentlik afgehandel moet word nie, moet elke departement dus afsonderlik voortgaan met sy lynfunksie.

iii. Veikom werksaamhede kan of pro-aktief (as inligting oor 'n toekomstige bedreiging bekend raak) of re-aktief (as die probleem reeds bestaan) wees. Die Veikom behoort egter pro-aktief ingestel te wees.

iv Die Gesamentlike Operasie Sentrum (GOS)

(1) Wanneer gesamentlike operasies uitgevoer word, moet 'n Gesamentlike Operasie Sentrum (GOS) aktiveer word om die operasie te bedryf.

(2) Die bemanning van die GOS sal deur die Veikom bepaal word.

(3) Gesamentlike werksprosedures wat elke moontlike veiligheidsituasie dek, moet vir die GOS opgestel en aan alle VM'e versprei word.

7. INLIGTINGSVOORSIENING AAN GKS'e/PKS'e

7.1 Met die ontbinding van die GIK'e/GIS'e in GBS-verband het 'n leemte op grondvlak ontstaan met betrekking tot interdepartementele skakeling ten opsigte van veiligheidsinligting. Gedurende samesprekings tussen NI, die SAP en SAW is dus besluit dat:

7.1.1 Die lynfunksionaris verantwoordelik vir die bedryf van inligting ten opsigte van Wet en Orde-aangeleenthede op streek- en plaaslike vlakke, die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie is, wat sorg sal dra dat relevante inligting aan alle departemente op alle vlakke voorsien sal word. Verder moet alle ander departemente ook sorg dra dat dringende informasie wat op Wet en Orde betrekking het op alle vlakke aan die SAP(V) voorsien word, sodat 'n volledige inligtingsprent daargestel kan word.

7.1.2 Die Veiligheidstak sal, wanneer daar 'n behoefte aan inligting van 'n nasionaal-strategiese aard op streekvlak bestaan, in oorleg met sy hoofkantoor reëlings vir die voorsiening daarvan tref.

7.1.3.1 Waar GKS en PKS lede nie almal sekerheidsklarings het nie, moet inligting oor die veiligheidsituasie slegs in breë trekke verstrek word en moet sorg gedra word dat taktiese inligting nie bekend gemaak word nie. Waar sensitiewe inligting noodsaaklikerwys aan 'n GKS/PKS bekend gemaak moet word, kan dit afsonderlik aan die GKS/PKS voorsitter en/of betrokke departement gedoen word. Taktiese inligting sal as 'n reël slegs by Veikoms op verskillende vlakke verstrek word.

7.1.4 Die SAP(V) wat dus as veiligheidsinligtingstafoffisier ten opsigte van Wet en Orde-aangeleenthede vir die GKS/PKS in sy streek optree, sal self oor die samestelling en funksionering van 'n inligtingsvoorsieningsinstansie vir sy streek moet besin, en die GKS/PKS voorsitter voorlig. Daar word egter voorsien dat dit wel in die praktyk nodig sal wees om interdepartementele inligtingsvergaderings te hou - veral wanneer die onrussituasie eskaleer.

## 4. PROJEKSPANNE

### 4.1 Inleiding

Indien die welvaart van die land steeds op 'n beter grondslag geplaas wil word, sal dit nodig wees om vier vennote in 'n eenheid saamgesnoer te kry om aksiegerigte programme en projekte aan te pak. Hierdie vier vennote is:

* streekdiensterade en plaaslike owerhede RSC's + local authorities
* staatsdepartemente State departments
* gemeenskap (teikengroep) self Community (target group)
* private sektor Pvt. Sector

Projekspanne kan bestaan uit enige een van die vier vennote alleen of uit 'n kombinasie daarvan. Projekspanne word saamgestel op grond van behoeftes en probleme wat in gemeenskappe geïdentifiseer word en vervolgens aangespreek moet word. Die PKS moet in hierdie verband die nodige inisiatief neem ten opsigte van daardie probleme of behoeftes wat binne die raamwerk van die PKS aangespreek moet word.

Die breë uitgangspunt wat geld is dat hierdie vennote volgens die spesifieke behoefte of aksie wat benodig word in 'n eenheid saamgevoeg word. In effek kan dit beteken dat vir 'n spesifieke behoefte al vier vennote vir 'n projek betrek word. In ander gevalle mag slegs twee of selfs net een van die vier vennote betrek word.

Hierdie vier vennote word dan gesamentlik of afsonderlik, na gelang van omstandighede, in 'n projekspan saamgevoeg om 'n spesifieke projek aan te pak en af te handel. So 'n projekspan maak nie formeel deel uit van die GKS of PKS nie, maar ad-hoc samesprekings, beraadslaging en terugrapportering aan gemelde strukture is wel noodsaaklik. Nadat 'n projek afgehandel is sal so 'n projekspan ook "ontbind".

Dit is moontlik dat sekere van die vennote (individue) by selfs meer as een projekspan betrokke kan wees.

Die voordeel van die projekspanne is veral die volgende:

* hulle het nie nodig om by die geskeduleerde vergaderings van die PKS teenwoordig te wees nie.

* die projekspanne kan al hul tyd en energie op aksiegerigtheid instel (projekte).

Projekspanne moet veral konsentreer op die werklike gevoelde behoeftes van gemeenskappe, soos laasgenoemde dit uit sy eie geledere bepaal het.

Projekspanne kan op grond van twee benaderings saamgestel word:

eerstens op grond van behoeftes of probleme wat deur formele of ander instansies binne en buite die gemeenskap bepaal word bv watervoorsiening, gesondheidsdienste, ensomeer.

tweedens op grond van die werklik gevoelde en beleefde behoeftes wat deur die

c. die beginsels en riglyne vervat in die goedgekeurde handleiding ten opsigte van die NKM, in stand gehou word tot tyd en wyl dit moontlik op sentrale vlak aangepas word;

d. die provinsiale administrasies, in oorleg met die NKM se sekretariaat, volle verantwoordelikheid neem vir PKSe. Benewens besluitneming oor die instelling en/of behoud van PKS strukture, moet provinsies die nodige inisiatief neem en so spoedig doenlik aan die Departement vir Streek- en Grondsake aanbevelings voorlê oor rasionaliseringsmoontlikhede ten opsigte van die verskillende komitees/verenigings/forums, ens wat op streek- en plaaslike vlak in stand gehou word;

e. die funksies tov die Snelaksiekommunikasiewerkgroep (KWG) met ingang van 1 Nov 91 oorgeplaas word na die SA Kommunikasiediens (SAKD), aangesien hierdie funksies in alle opsigte die lynverantwoordelikheid van die SAKD is;

f. die koördineringsentrum van die Gemeenskapstabiliteit- en -ontwikkelingaksie (GSO koördineringsentrum) ewe eens vanaf die Kabinetsekretariaat oorgeplaas word na die Departement van Streek- en Grondsake en dat die proses van knelpuntskakeling op 'n spoedeisende grondslag, wat die afgelope maande deur die Kabinetsekretariaat ontwikkel is, voortgesit word tot tyd en wyl daaroor 'n ander besluit geneem mag word;

g. die dagbestuur van die Nasionale Koördineringsentrum (NKS), sowel as die volle NKS, met ingang van 1 November 1991 ontbind. In gevalle waar 'n amptenaarsamekoms volgens behoefte op sentrale vlak gefasiliteer moet word, neem die NKM sekretariaat verbonde aan die Dept vir Streek- en Grondsake die leiding om via die betrokke Minister/Adjunkminister die aangeleentheid onder die aandag van die betrokke Kabinetskomitee te bring. Laasgenoemde stel dan na behoefte 'n amptenaretaakgroep saam. Indien die saak besonder spoedeisend is, kan dieselfde aksie in oorleg met die voorsitter van die betrokke Kabinetskomitee geneem word;

h. die Adjunkministerskomitee met betrekking tot die GSO met ~~Ingang van 1 Nov 91 ontbind. Die Minister van Streek~~ en Grondsake of 'n ander politieke funksionaris wat beheer uitoefen oor die NKM, kan op 'n ad hoc-grondslag en na behoefte 'n komitee van belanghebbende politieke funksionarisse inisieer ten einde 'n besondere saak te hanteer;

i. die GSO aksieplanne, wat volledig versoen is met Hoofstuk

ii. Execution

(1) Creation of climate for Namba Sebe and traditional Ciskei leaders for the establishment of Xhosa Resistance Movement (XWB) and the acceptance thereof by Transkei leaders;

(2) The establishment of the Xhosa Resistance Movement (XWB) and the extension thereof in the Eastern Cape;

(3) The image-building of the Ciskei People's Right Protection Party (CPRPP) in the Eastern Cape and the involvement of the smaller moderate groups;

(4) Climate creation for Xhosa nation unity by all involved groups (Transkei, Ciskei and Eastern Cape);

# APPENDIX 12

## "Main Plan" of Operation Katzen

(ii) **Fasiliterende dienste** wanneer departemente betrek word by toepaslike aangeleenthede wat gesamentlike beplanning en optrede vereis.

(iii) Koördinering van **vertolkte tendens-inligting** op welvaartsterrein.

(iv) **Ondersteunende dienste** aan die streek- en plaaslike sekretariate van GKS'e en PKS'e volgens behoefte.

(v) Die Kabinetsekretariaat moet **drie-maandeliks** verslag aan die Kabinet doen oor die funksionering van die Koördineringsmeganisme.

**3.5.2 Veiligheidsekretariaat** NB DMI document says there is also a National Interpretation Branch which is the primary body in the [illegible] Intelligence Community

3.5.2.1 Die Veiligheidsekretariaat bestaan uit die takke Strategiese Kommunikasie, Strategie en Administratiewe Ondersteuning, en is vir die volgende funksies verantwoordelik: See 3.1.4

(a) Die lewering van die sekretariële dienste aan die SVR, Kabinetskomitee vir Veiligheidsake (KKVS) en Veiligheidskomitee (VK)

(b) Die koördinering van strategiese kommunikasie

(c) Strategiedokumentering (**Opmerking**: Die funksionele verantwoordelikhede vir die strategiese en stratkomfunksies berus by die lynfunksionarisse)

(d) Navorsing en opleiding

(e) Daarstelling volgens behoefte van die betrokke DG's van interdepartementele taakgroepe (ITG'e) wat direk betrekking het op die lynfunksies van veiligheidsfunksionarisse.

3.6 Gesamentlike Koördinerende Sentra : **Doel, samestelling, en funksies** JCC's

3.6.1 Dit is die Regering se beleid dat die bestuur van die owerheid op 'n gedesentraliseerde basis op streekvlak bedryf word ter bereiking van die owerheid se doelwitte.

3.6.2 Op streekvlak is die GBS'e vervang deur Gesamentlike Koördinerende Sentra (GKS'e) wat op dieselfde wyse saamgestel word as die GBS'e in die verlede, met dien verstande dat die streek se behoeftes dit anders kan bepaal.

3.6.3 GKS-doel
Om op streekvlak op 'n koste-effektiewe wyse koördinering en dus gesamentlikheid tussen die owerhede onderling, die gemeenskap en die private sektor te bevorder ten einde welvaart en veiligheid binne sy geografiese gebied te verseker.

3.6.4 GKS-samestelling

(i) Die volle vergadering bestaan uit die streekverteenwoordigers van die tersaaklike staatsdepartemente en administrasies sowel as ander **noodsaaklike** persone in die

SD/AOF/5/7/1

Telefoon : 314-3712
Faksnommer : 314-3752
Navrae : Kmdt A.J. van der Walt

SA Leërkollege
AO Vleuel
Privaatsak X1012
Voortrekkerhoogte
0143

23 April 1992

STUDIEBRIEF : MILITêRE KENNIS DIMENSIE 2/92

Aanhangsel A : Strukturele Uiteensetting van die NKM

1. Die RO/TRO leesbundel behandel die NKM in Hoofstuk 9. Agv 'n Kabinetsbesluit op 23 Oktober 1991 rakende die rasionalisering en herlokalisering van die NKM moet u kennis neem van die volgende wysigings :

2. <u>Opsommend</u>

   a. Die bestuur en administratiewe bedryf van die NKM is miv 1 Nov 91 na die Dept van Streek- en Grondsake oorgeplaas.

   b. Provinsiale administrasies olv (led by) die NKM sekretariaat aanvaar verantwoordelikheid vir die bedryf van die GKSe en PKSe.

   c. Die NKS ontbind miv 1 Nov 91. (89/90 Handbook said the NCC had been disbanded already.)

3. <u>Wysigings volgens Kabinetsmemorandum 2 van 1991</u>. Die Kabinet keur goed dat

   a. verantwoordelikheid vir die bestuur, sowel as die administratiewe bedryf van die NKM, met ingang van 1 Nov 91 vanaf die Kabinetsekretariaat oorgeplaas word na die Departement van Streek- en Grondsake en dat die betrokke Minister self besluit oor leidinggewing ten opsigte van die stelsel op politieke terrein;

   b. die provinsiale administrasies onder leiding van die NKM ~~se sekretariaat verantwoordelikheid aanvaar vir die~~ bedryf van die 10 GKSe. Hulle voorsien reeds die sekretariate. Ter wille van besparing en doeltreffendheid is dit belangrik dat hierdie sekretariate optimaal gesinchroniseer/geïntegreer word met die provinsies se operasionele sentra;

UITERS GEHEIM

Kopieno....

MEMORANDUM

AMI/KO/328/6/3/ANCOR

27 Julie 1986

Van : HSI

Aan : H SAW

UITBREIDING VAN KONTRAMOBILISASIESTRATEGIE

Aanhangsel A : Organisasiestruktuur
B : Daarstel van Streekkantoor
C : Opsomming van poste met salarisse
D : Personeelkode
E : Bedryfskostes
F : Eenmalige / Geleentheidsuitgawes
G : Finansiële Prosedures
H : Uitbreiding van Projekte
Verwysing 1 : SSVR Brief 22/5/B dd 2 Jul 1986 : Delegasie : Kontra-mobilisasieverantwoordelikheid
2 : AMI/KO/328/6/3/ANCOR dd 11 Sep 1985 (Goedkeuring van projek deur Minister van Verdediging)
3 : AMI/KO/328/6/3/ANCOR dd 19 Des 1985 (Goedkeuring organisasiestruktuur en uitgawes deur H SAW.)

AGTERGROND

1. Dit is 'n feit dat kontramobilisasie 'n krities-belangrike komponent van die RSA se teenrewolusionêre strategie uitmaak. Die kernpunt van so 'n strategie is om die massa van die RSA se bevolking (alle rasse) te oortuig tot aanvaarding en ondersteuning van die Regering se vreedsame hervormingsinisiatiewe, en die enigste metodes wat reeds as suksesvol bewys is, is die metodes wat tov oa ETANGO en EZUVA in SWA toegepas is. Die twee organisasies groei van krag tot krag en het reeds 'n mag geword om mee rekening te hou in SWA politiek.

2. Met die ontwikkeling van hierdie strategie in SWA het twee aspekte mettertyd baie duidelik uitgestaan.

a. Direkte SAW verbintenis sal die organisasie se geloofwaardigheid onherroeplike skade aandoen en hulle effektiewe ontplooiing totaal belemmer.

b. Dit is krities noodsaaklik om soortgelyke aksies op doelgerigte en omvattende wyse binne die RSA van stapel te stuur. Dit is heelwaarskynlik die kernpunt waarvan die voortbestaan van 'n vrye westerse beskawing in Suid-Afrika sal afhang.

3. In SWA is die verantwoordelikheid vir die bedryf van die twee organisasies na die AG oorgeplaas, alhoewel die SAW steeds uitvoerend opgetree het. Dit is egter baie duidelik dat dit fataal sou wees vir die SAW om binnelands aan sulke kontramobilisasie-aksies gekoppel te word.

4. Om hierdie probleme te oorbrug is daar gedurende 1985 op redelike kort kennisgewing besluit om 'n frontorganisasie te stig, wat hierdie aksies sonder sigbare verbintenis met die SAW sou bedryf. Voorlegging van die projek, genaamd ANCOR, sowel as die goedkeuring daarvan deur die Minister van

UITERS GEHEIM

| | | |
|---|---|---|
| Ontwikkelingsvereniging | - | OV |
| Development Association | - | DA |
| | | |
| Plaaslike Bestuursentrum | - | PBS |
| Local Management Centre | - | LMC |
| | | |
| Plaaslike Koördinerende Sentrum | - | PKS |
| Local Co-ordinating Centre | - | LCC |
| | | |
| Suid-Afrikaanse Telekommunikasie- en elektriese kragvoorsieningsgesag | - | SATEKG |
| South African Telecommunications and Electrical Power Provision Authority | - | SATEPA |
| | | |
| Sentrale Ekonomiese Adviesdiens | - | SEAD |
| Central Economic Advisory Service | - | CEAS |
| | | |
| Staatkundig/ekonomies/maatskaplik | - | SEM |
| Constitutional/Economic/Social | - | CES |
| | | |
| Staatkundige/Ekonomiese/Maatskaplike Komitee | - | SEMKOM |
| Constitutional/Economic/Social Committee | - | CESCOM |
| | | |
| Sub-GBS | - | SGBS |
| Sub-JMC | - | SJMC |
| | | |
| Streeksontwikkelingsadvieskomitee | - | SOAK |
| Regional Development Advisory Committee | - | RDAC |
| | | |
| Streekontwikkelingsvereniging | - | SOV |
| Regional Development Association | - | RDA |
| | | |
| Staatspresident | - | SP |
| State President | - | SP |
| | | |
| Sentrale Statistiekdiens | - | SSD |
| Central Statistical Services | - | CSS |

# APPENDIX 13

**Memorandum titled**
**"Extension of Counter-Mobilisation Strategy", 1986**

# HANDLEIDING NASIONALE KOÖRDINERINGSMEGANISME

b. Voorsitterskap

Kan op grond van die tipe veiligheidsprobleem deur die SAP of SAW waargeneem word.

c. Sekundi

Die persoon onmiddellik ondergeskik aan bogenoemde lede, en met toestemming van die voorsitter.

d. Dagbestuur

i. SAP senior Adjunk Kommissaris Tin en Onlusteheer.
ii. SAW Adjunk Hoof van Staf Operasies.
iii. Sekretaris.

3.4.3.4 Skakelkanale

JCC

Die GVS skakel met die volgende instansies:

a. Hoër op in die NKM hiërargie met die Veiligheidskomitee en die Veiligheids- en Kabinetsekretariaat.
b. Sywaarts met die ander interdepartementele Veiligheidstaakgroepe.
c. Laer af in die hiërargie met die Veiligheidskomitees van die GKS' en die PKS'e.

3.4.3.5 Verantwoordelikheid

Die GVS doen slegs aan die Veiligheidskomitee (VK) verantwoording.

3.4.3.6 Funksies

a. Identifisering van terreine vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak. (Ooreenkomstig bepalings in die beleidsverklaring oor SAW en SAP verantwoordelikhede).

b. Koördinering van gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak.

c. Opstel en deurlopende opdatering van gebeurlikheidsplanne wat daarop gemik is om enige negatiewe veiligheidsituasie wat bestaan of potensieël kan ontwikkel, te hanteer.

d. Verskaffing van riglyne vir gesamentlike veiligheidsmagoptredes op streeksvlak aan GKS'e.

e. Koördinering van opleiding ten opsigte van veiligheidskomponente van GKS'e. J CC's

f. Die hantering van die ATO (Staatsoorlogsboek).

g. Verslagdoening van die VK.

## 5. SKAKELFORUMS OF ONTWIKKELINGSVERENIGINGS BINNE GEMEENSKAPSVERBAND (GSF's)

### 5.1 Inleiding

Die Nasionale Koördineringsmeganisme wat op streek- en plaaslike vlak sy neerslag vind in die Gesamentlike Koördineringsentra (GKS) en die Plaaslike Koördineringsentra (PKS) benodig 'n indirekte verlengstuk of 'n meganisme na die gemeenskap as sodanig. Hierdie meganisme is veral noodsaaklik om die owerheid en die gemeenskap self asook die private sektor se bedrywighede en aksies te sinchroniseer.

Hierdie meganisme behoort basies vanuit die gemeenskap of die teikengroep gevorm te word en moet nie uit 'n beduidende getal owerheidsamptenare bestaan nie. So 'n meganisme het by onderskeie gemeenskappe in die verlede bekend gestaan as 'n Gemeenskapskakelforum (GSF) of 'n Ontwikkelingsvereniging.

Die naam wat so 'n meganisme genoem word is nie belangrik nie, wat wel belangrik is, is sy samestelling en funksionering, wat verder aan bespreek word.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tans veral op Swart- en Kleurlinggemeenskappe gekonsentreer word ten einde hul lewensomstandighede te verbeter. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat sover dit veiligheid en welvaart van die land aangaan, die ander bevolkingsgroepe nie buite rekening gelaat kan word nie. Hoewel daar 'n klemverskuiwing in terme van behoeftes sal wees, sal alle bevolkingsgroepe met die verloop van tyd aandag vanuit die stelselverband moet verkry.

In hierdie stadium is dit byvoorbeeld belangrik om die goedgesindheid en samewerking van die Blankes te verkry om met opheffingswerk behulpsaam te wees in swart dorpe, om onder andere, daardeur te help om die veiligheid en welvaart van alle inwoners van die land te verseker en te verbeter.

### 5.2 Rasionaal van GSF's of Ontwikkelingsverenigings

Dit is noodsaaklik om die Derde Wêreld gemeenskappe in die land by te staan om sodoende nader aan 'n Eerste Wêreld situasie te beweeg. Dit sal beteken dat sterk klem op sekere vorms van modernisering gelê moet word. In hierdie proses is dit egter noodsaaklik dat gemeenskappe (teikengroep), self in die prosesse betrek moet word. Die volgende is uitgangspunte wat belangrik is en toegepas behoort te word by die funksionering van GSF's of Ontwikkelingsverenigings:

* Gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbetrokkenheid is 'n voorvereiste vir sinvolle funksionering.

* Die kweek van 'n algemene bewustheid in die gemeenskap om aksies en projekte aan te pak ter verbetering van hul eie welvaart.

* Die aanvaarding deur die gemeenskap om sover moontlik selfhelp toe te pas.

* Die toenemende aanvaarding van verantwoordelikheid om 'n beter toekoms in eie reg daar te stel.

a. Bedrag benodig huidige finansiële jaar : R2 113 900.

b. Bedrag benodig FJ 87/88 : R2 227 150.

15. Kantoorakkommodasie. Die Korporasie se hoofkantoor beset tans 'n gedeelte van die 5e vloer van die Val Grace Forum-gebou. (276 vkm teen R3 726 pm). Inaggenome die beoogde uitbreidings is hierdie akkommodasie onvoldoende. Die hele eerste vloer van die gebou is tans beskikbaar en goedkeuring word gevra om die 1e vloer (700 vkm) teen 'n bedrag van R9 100 pm te huur, en die 5e vloer te ontruim. (Hierdie bedrag is in berekening gebring by die bedryfsuitgawes in para 14 hierbo.)

16. Eenmalige / Geleentheidsuitgawes. Om die uitbreidings sowel as die daarstel van streekkantore te akkommodeer is sekere eenmalige en/of geleentheids uitgawes nodig. (Aanhangsel F). Dit sluit die volgende in :

a. Inrigting en beveiliging van kantore

b. Kantoorameublement

c. Opleidingstoerusting

d. Personeel-verwante uitgawes

e. Voertuie

f. Totale bedrag benodig : Huidige boekjaar R2 287 587,50
(Boekjaar 87/88 R500 000,00)

17. Finansiële Prosedures. (Kyk Aanhangsel G). Die volgende belangrike punte, waarvoor goedkeuring gevra word, word uitgelig :

a. Die Korporasie word bedryf met 'n voorskot gelykstaande aan die totaal vir drie maande se bedryfsuitgawes. Rekonsiliasie vind maandeliks per finansiële staat plaas, waarna die voorskot weer aangevul word.

b. Fondse wat vir die bedryf van die verskillende projekte (Projek KAMPONG) oorgedra word, moet beskou word as oordragbetalings.

c. Die opening van bykomende tjekrekenings waar dit vir die bedryf van die projek nodig mag word, mag deur HSI gemagtig word.

18. Opsomming van Bedrae. Opsommenderwys sien die bedrae tov Projek ANCOR as volg daar uit:

| | | | FJ 86 / 87 | FJ 87 / 88 |
|---|---|---|---|---|
| a. | Salarisse en toelaes | : | R3 314 958,00 | R4 781 442,00 |
| b. | Ander bedryfsuitgawes | : | R2 113 900,00 | R2 227 150,00 |
| c. | Eenmalige/geleentheids-uitgawes | : | R2 287 587,00 | R 500 000,00 |

(iv) Verkry noodsaaklike private sektor betrokkenheid op streekvlak gerig op die streekbehoeftes.

(v) Bevorder 'n voorkomings- en ontwikkelingsgerigte benadering.

(vi) Bied ondersteuning aan die plaaslike koördinerende sentra.

(vii) Hanteer aangeleenthede wat deur PKS'e verwys word.

(viii) Doen verslag aan die Kabinet via die Kabinetsekretariaat.

(ix) Bepaal opleidingsbehoeftes vir effektiewe funksionering.

### 3.7 Plaaslike Koördinerende Sentra (PKS'e) : Doel, samestelling, en funksies

3.7.1 Op die plaaslike vlak word die voormalige mini GBS'e en PBS'e vervang deur Plaaslike Koördinerende Sentra wat kan onderverdeel in funksionele groeperings soos wat die plaaslike behoefte vereis.

3.7.2 PKS-doel

Om op plaaslike vlak op 'n koste-effektiewe wyse koördinering en dus gesamentlikheid tussen die owerhede onderling, die gemeenskap en die private sektor te bevorder ten einde welvaart en veiligheid binne sy geografiese gebied te verseker.

3.7.3 PKS-samestelling

(i) Verteenwoordigers van die owerheidsektor asook ander noodsaaklike private sektor persone wat op plaaslike vlak funksioneer (Plaaslike owerhede is ook hier van uiterste belang).

(ii) Die Voorsitter/Medevoorsitter word deur lede self aangewys.

(iii) 'n Dagbestuur en/of subkomitees kan gevorm word.

(iv) 'n Sekretariaat wat verkieslik deur die provinsie of plaaslike owerheid verskaf word.

(v) Projekspanne wat indirek deel van die PKS is, kan gevorm word.

3.7.4 PKS-funksies

(i) Uitbouing, bevordering en vestiging van 'n spanbenadering (gesamentlikheid) op plaaslike vlak.

(ii) Doelbewuste bevordering van voorkomings- en ontwikkelingsgerigte aksies.

(iii) Behulpsaam in die daarstelling van projekspanne. ('n Uiteensetting van die rol, doel en funksies van projekspanne is in Afdeling 4). (page 13)

## 6. DIE INSTELLING EN FUNKSIONERING VAN VEILIGHEIDSKOMITEES (VEIKOMS)

### 6.1 Die Veikom op alle vlakke

#### 6.1.1 Agtergrond

Die bestuursfunksie van interdepartementele liggame soos die ou GBS is onder die nuwe stelsel met 'n suiwer koördineringsfunksie vervang. Omdat die GKS op streek- en PKS op plaaslike vlak dus ook nou slegs 'n koördineringsfunksie vervul, word sterk op die effektiewe funksionering van lynfunksie departemente gesteun. Vir die Veiligheidsmagte beteken hierdie klemverskuiwing dat die SAP as primêre lynfunksionaris ten opsigte van die bewaring van die binnelandse veiligheid die hoofakteur op die veiligheidsterrein is. Die SAW is egter steeds soos deur die Staatspresident ingevolge die Verdedigingswet in diens gestel ter voorkoming of onderdrukking van terrorisme en binnelandse onluste.

#### 6.1.2 Huidige situasie

Omdat die aanwending van die volle vermoë van die staat as beginsel vir die bekamping van die rewolusionêre aanslag steeds geld, is dit noodsaaklik dat die SAP en SAW op veiligheidsterrein ook steeds sal moet saamwerk. Om te verseker dat hierdie samewerking effektief en tot voordeel van die RSA geskied, het die GVS besluit dat die volgende voorskrifte op streek- en plaaslike vlakke gevolg moet word:

6.1.2.1 Beginsels

i. Gekoördineerde gesamentlike veiligheidsmagoptredes.
ii. Respektering van lynfunksies.

6.1.2.2 Verantwoordelikhede

i. Die bewaring van die RSA se binnelandse veiligheid is die lynfunksie verantwoordelikheid van die SAP, en die SAW tree in ondersteuning op. Omdat hierdie twee departemente onderling met mekaar moet koördineer, moet daar op streek- en substreekvlakke 'n Veikom aktiveer word om samewerking te vergemaklik.

ii. Die verskaffing van veiligheidsinligting op streek-, sub-streek- en plaaslike vlakke is die lynfunksie verantwoordelikheid van die SAP(V), wat as inligtingsvoorsieningsinstansie van die uitvoeringkomponent dien.

iii. Die detail afbakening van SAP en SAW verantwoordelikhede sal as 'n beleidsverklaring deur die GVS uitgevaardig word.

**6.1.2.3 Doel van die veiligheidsmag koördineringsmeganisme.** Om die beplanning, uitvoering en monitering ten opsigte van alle gesamentlike veiligheidsmagoptredes te koördineer.

6.1.2.4 Voorvereistes vir sukesvolle gesamentlike optredes

i. Vroeë waarskuwing van die hulp wat benodig word vir 'n spesifieke situasie.

Tweedens om te verseker dat indien daar reeds 'n soortgelyke struktuur is, sy werksaamhede net so behou kan word en gevolglik onnodige insette van die kant van die owerheid uitskakel en sodoende die geloofwaardigheid van die gemeenskap behou word.

Derdens om onnodige verwarring by die gemeenskap uit te skakel.

Vierdens om te verhoed dat lede van die gemeenskap 2 of 3 afsonderlike vergaderings bywoon wat basies dieselfde werk verrig. Hiervan is daar reeds talle voorbeelde in gemeenskappe.

Vyfdens om te verseker dat die owerheid se geloofwaardigheid nie geskaad word deur dupliserende aksies in die gemeenskap te bewerkstellig of te bevorder nie.

5.3.5 Die betrokke beampte wat daartoe sou oorgaan om die stigting van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging te inisieer moet die volgende modus operandi volg:

5.3.5.1 'n Totale situasie-analise of 'n sogenaamde gemeenskapstudie van die gemeenskap doen.

5.3.5.2 Sy eerste kontakpunt moet die plaaslike owerheid wees waar die doel, taak en funksie van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging duidelik uitgespel moet word.

Elke plaaslike owerheid moet die reg daartoe gebied word om te besluit of hy 'n deeglike toeligting aan 'n groter of kleiner deel van die plaaslike owerheid noodsaaklik ag. In hierdie proses is dit belangrik dat die plaaslike owerheid en die GSF of Ontwikkelingsvereniging nie teenoor mekaar gestel moet word nie, maar as vennote gesien moet word. Dit sal dus noodsaaklik wees dat dié beampte baie duidelikheid het oor plaaslike owerhede se rol, taak en funksie asook die .van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging (kyk byvoorbeeld Wet 102/82 ten opsigte van Swart Plaaslike Owerhede).

5.3.5.3 Indien daar in die gemeenskap 'n struktuur is wat as 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging sou kan funksioneer, moet daar, met die medewete van die plaaslike owerheid, met die struktuur onderhandel word sodat dit in die behoeftes van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging kan voorsien.

5.3.5.4 Vervolgens sal daar, indien daar nie reeds 'n struktuur is wat sodanige funksies kan vervul nie, met geïdentifiseerde strukture en saakmakende individue die rasionaal van 'n GSF of Ontwiklingskelingsvereniging gehanteer moet word. Op hierdie wyse word daar dus bemarkingswerk gedoen en 'n klimaat geskep vir die daarstelling van sodanige meganisme.

5.3.5.5 Nadat 'n gunstige klimaat geskep is, kan na gelang van die spesifieke gemeenskap se situasie die volgende gedoen word:

* die plaaslike owerheid of ander "gesaghebbende" instansie kan 'n gemeenskapsvergadering belê vir die daarstel van 'n GSF of Ontwikkelingsvereniging.

* Verteenwoordigers vanuit die gemeenskap waaronder ook byvoorbeeld voorsitters van wykskomitees in swart woongebiede ressorteer, kan na 'n stigtingsvergadering

ii. Tydige, volledige en akkurate inligting ten opsigte van die aard en omvang van die situasie.
iii. Gesamentlike beplanning en besluitneming waartydens die rol en take van die onderskeie magte duidelik uitgespel word.
iv. Duidelike opdragte aan alle betrokkenes (veral waar die gebruik van vuurwapens ter sprake is).
v. Gesamentlike beheer en monitering van optredes om te verseker dat dieselfde voorligting aan hoër SAP en SAW vlakke gegee word.

**6.1.2.5 Samestelling van die Veikom op:**

Regional / District Commandant

i. Streek- (GKS) vlak

(1) Voorsitter: Die SAP SK/Adj Sk Ops Tak of die SAW Kmdmt Bev, soos die situasie vereis.
(2) Lede : SAP
SAP(V)
SAW
Gekoöpteerde lede soos benodig
(bv Provinsies (Burg B), Gevangenisdiens, ens)
Sekretaris (SAP of SAW lid)

Nota: Waar daar meer as een SAP SK per GKS gebied is kan:

- Elke SK gebied 'n aparte Veikom aktiveer.
- Alle SK gebiede saam een Veikom vorm.

ii. Sub Streeks - (SAP DK en SAW GP) vlak

(1) Voorsitter : SAP DK of SAW Gp Bev, soos die situasie vereis.
(2) Lede : SAP
SAP(V)
SAW
Gekoöpteerde lede soos benodig
Sekretaris (SAP of SAW lid)

Nota:

(1) Die afskaffing van Sub GBS'e het vir die SAW en veral vir die SAP 'n vakuum ten opsigte van gesamentlike optredes op DK en GP vlak gelaat.

(2) Omdat dit belangriker is dat sinvolle skakeling op hierdie vlak eerder as die plaaslike vlak geformaliseer word, is besluit dat Veikoms hier aktiveer moet word. Hierdie Veikoms sal gebeurlikheidsplanne vir die hele streek opstel en deur die lynfunksiekanaal na die SAP en SAW verteenwoordigers op plaaslike vlak (SAP SB en SAW komdo) versprei.

iii. Veiligheidsmagbetrokkenheid by die PKS op Plaaslike vlak.

(1) Daar sal dus geen formele Veikom op plaaslike (PKS) vlak bestaan nie. Die SAP

(3) The idea of Xhosa unity is roused (The Matanzimas need little or no motivation for this. Ciskei's deposed leaders will support the Matanzimas to carve for themselves again a political niche for the future);

(4) Support will be lent to Maqoma and his party. This party must unite the moderates, Ciskei eligible voters in its ranks. Because of the nature of the Xhosa distribution, this party is not limited to the Ciskei and together with the Xhosa Resistance Movement (XWB) can play a major role to effect Xhosa unification. It has to be noted that the successful implementation of this phase is independent of the CPRPP's successes;

(5) The big stumbling block is Lennox Sebe and therefore he must be removed as a step of this phase or even earlier;

20. A formidable Xhosa ally for the RSA is not to be scorned. Such a Xhosa Government can be further asked to keep its people (within or outside their land) in check. Together we can better combat the ANC/UDF onslaught.

21. Charles Sebe

a. Charles is the XWB (Xhosa Resistance Movement logical leader. He still enjoys the status in the Eastern Cape, especially among the security forces of the Ciskei and Transkei. He definitely has the background, ability and stature to activate and lead the XWB. He shall have to be strictly controlled to ensure that the RSA aims/objectives according to this plan are realised.

b. Charles projects traditional authority. Consequently it can be expected that the security forces and the older generation will support him. Opposition can be expected from the left, the youth and Lennox supporters. Such opposition must be wisely and schematically turned around.

c. Charles' physical and psychological health condition must be strengthened after his freeing.

24. In principle approval for the plan is being sought.

OFFICER COMMANDING EASTERN PROVINCE COMMAND : BRIG

See signature of General van der Westhuizen in the attached copy written in Afrikaans.

In the USA, even before the Vietnam war, the CIA (Central Intelligence Agency) had begun to develop this "hearts and minds"strategy in their covert operations.

Edward G. Lonsdale, a former advertising executive, was sent to the Philippines as a CIA operative in the fifties to destroy the Huk rebellion by winning the hearts and minds of the people.

He did this by planting informers, recruiting defectors, spreading disinformation and by numerous other "dirty tricks". But most of all he constructed a political alternative in the person of Ramon Magsaysay, a friendly, popular man performs, for peace and for elections. Like F.W. de Klerk?

In the fifties in the Philippines this formula worked. After the Vietnam fiasco this was the formula for counter-insurgency around the world - it was even used a second time in the Philippines when Marcos, the new dictator, lost the minds and hearts of the people.

This approach came to be known as Low Intensity Conflict. It was further developed over the years and its tactics became more and more sinister and violent.

**TOTAL WAR**

In the days of P.W. Botha we heard a lot about the total onslaught that required a total strategy on the part of the State. The idea and the words came from General Andre Beaufre's book, "An Introduction to Strategy" (Faber 1963) which was based upon his experience of counter-insurgency as a French general in Algeria.

Basically total strategy or total was means "anything goes" - any kind of dirty trick or deception or even terrorism. The argument is that we can only defeat "the enemy" by adopting the methods and strategies they use. Their total onslaught requires a total response. If they lie, we lie; if they kill, we kill; if they plant bombs, we plant bombs; if they destabilise communities we do the same.

The perception of what any particular liberation movement is trying to do may be wrong, but LIC is thought of as giving terrorists a dose of their own medicine with disinformation, sabotage, death squads, hitmen, assassinations, planting bombs in buildings, killing civilians and generally destabilising communities.

The US Army has defined LIC as " a limited political military struggle (which) ranges form diplomatic, economic and psychological pressure through terrorism and insurgency". A former commander of US Special Operations in El Salvador describes LIC as "total war at the grassroots level"

High Intensity Warfare means a nuclear war. Mid-intensity Warfare means a war with conventional weapons like the war against Iraq. Low Intensity Warfare uses unconventional methods against any kind of "communist" or "terrorist" threat.

## Behind South Africa's Low Intensity War

*Challenge April 1992*

**Despite all the peace initiatives of the churches and human rights organisations, despite all the peace accord, despite all the exposures and revelations about the involvement of the security forces in the conflict, the violence continues. Why?**

**JEFF MARISHANE has been studying this kind of violence in South Africa and in other parts of the world. The killings are not as senseless as they appear to be. Viewed against the background of what the military strategists around the world call LIC (Low Intensity Conflict), South Africa's violence makes complete sense-rather frightening sense.**

We publish a brief summary of Jeff's research.

The violence in South Africa today is a classic example of what the military strategists call Low Intensity Warfare (LIW). This counter-insurgency strategy has a long history in South Africa and other parts of the world. Some acquaintance with this history will help us to understand the reasoning behind the violence.

### AFTER VIETNAM

Their humiliating defeat in Vietnam finally convinced the United State military strategies and politicians that guerilla wars, insurrections and revolutions cannot be defeated by conventional armies using conventional military strategies. The mightiest army in the world with well trained personnel, sophisticated weapons, endless bombardment, wholesale massacres, torture and even the notorious napalm bomb could not defeat the Vietnamese insurgents.

Will and determination were on the side of the Vietnamese who kept coming back despite the merciless war of attrition conducted against them. Not only did the US Army lose the minds and hearts of the Vietnamese, they almost lost the minds and hearts of their own citizens.

It was obvious that from the perspective of US military interests that new and imaginative strategies of counter-insurgency would have to be found. Low Intensity Conflict was born out of this search for alternatives, although many of the elements of the new military strategy had been formulated earlier.

**THE AIM OF LOW INTENSITY CONFLICT IS NOT A MILITARY VICTORY BY DESTABILISATION.**

### HEART AND MINDS

In 1952, when General Sir Gerald Templar, the British Military High Commissioner in Malaya, was asked whether he had enough troops to defeat the insurgents in this British colony, he replied: "The answer lies not in pouring more soldiers into the jungle, but in the hearts and minds of the Malayan People".

(iii) Die Suid-Afrikaanse Verbindingsekerheidsagentskap (SAVSA) ?

**3.43 Die Gesamentlike Veiligheidstaf (GVS)** JSS

Die GVS tree as operasionele uitvoeringskoördineerder van die Veiligheidsgemeenskap op.

3.43.1 Beginsels

a. Gekoördineerde gesamentlike veiligheidsmagoptredes.
b. Respektering van lynfunksies.

3.43.2 Doel

Om die beplanning, uitvoering en monitering ten opsigte van alle gesamentlike veiligheidsmagoptredes op nasionale vlak te koördineer en te verseker dat dit ook op streek- en plaaslike vlakke gedoen word.

3.43.3 Samestelling

a. Volle Vergadering

i. Vaste lede

SA Polisie

(1) Hoof Operasionele Tak (Voorsitter)
(2) Adj Hoof Operasionele tak.
(3) Snr Adj Kommissaris Tin en Onlustebeheer
(4) SAP(V) verteenwoordiger
(5) SAP Nodale punt (Mede Sekretaris)

SA Weermag

(1) Hoof van Staf Operasies (Alternatiewe voorsitter)
(2) Adj Hoof van Staf Operasies
(3) HLeër S Ops
(4) SO1 Ops RSA-HSOPS (Sekretaris)

Hoof Veiligheidsekretariaat (HVS) (NI)

ii. Gekoöpteerde lede

i. Veiligheidswetgewing
ii. Justisie
iii. Gevangenisdiens
iv. Provinsies (Burg B)
v. Kabinetsekretariaatverteenwoordiger
vi. Enige ander departement wat geraak word deur bepaalde veiligheidsprobleme.

## 3. STRUKTURE

Die strukturele uiteensetting van die Nasionale Koördineringsmeganisme is in Aanhangsel A.

### 3.1 Die Kabinet

3.1.1 In die RSA is die Kabinet grondwetlik die hoogste koördineringsmeganisme in die owerheidshierargie ten opsigte van alle uitvoerende owerheidshandelinge. In sy samestelling is daar voorsiening vir vier kabinetskomitees elk onder voorsitterskap van 'n senior Minister, om die Kabinet in sy beleidmakingsproses by te staan, te wete:

(i) Kabinetskomitee vir Staatkundige Sake (KKSS)
(ii) Kabinetskomitee vir Ekonomiese Sake (KKES)
(iii) Kabinetskomitee vir Maatskaplike Sake (KKMS)
(iv) Kabinetskomitee vir Veiligheidsake (KKVS)

3.1.2 Die vier Kabinetskomitees beskik oor aanbevelings- en afhandelingsbevoegdheid binne hul onderskeie bevoegdheidsveld. Die Kabinetskomitees sal voortaan op hulle onderskeie terreine sake van die NKM hanteer.

3.1.3 Die Staatsveiligheidsraad is 'n statutêre liggaam en die ministers wat lede van die voormelde Raad uitmaak, dien ook in die Kabinetskomitee vir Veiligheidsake.

3.1.4 Die ou Sekretariaat van die SVR (SSVR) is vervang deur 'n Veiligheidsekretariaat (VS), wat struktureel by die Nasionale Intelligensiediens (NI) geïntegreer is en sekretariële dienste aan die KKVS en SVR lewer.

3.1.5 Die ou Welvaartsekretariaat se benaming is verander na die Kabinetsekretariaat (KS), en dit bly in die Kantoor van die Staatspresident gesetel. Die Kabinetsekretariaat lewer sekretariële dienste aan die Kabinet, die KKSS, KKES en KKMS, die Komitee van Departementshoofde en Welvaartstaakgroepe.

### 3.2 Komitee van Departementshoofde

3.2.1 Die voormalige Werkkomitee en Kernwerkkomitee van die SVR is as vaste Komitees afgeskaf. Departementshoofde word na behoefte byeengebring om 'n Komitee van Departementshoofde te vorm. Die Komitee van Departementshoofde sal nie noodwendig uit alle direkteurs-generaal bestaan nie maar kan as 'n klein groepie saamgestel word om 'n bepaalde aangeleentheid te hanteer. In beide gevalle word die Voorsitter uit eie geledere aangewys.

3.2.2 Sakelyste, notules en verwante dokumentasie sal aan alle direkteurs-generaal beskikbaar gestel word sowel as aan die voorsitter en lede van die betrokke sub-komitee. Op hierdie wyse sal direkteurs-generaal op hoogte bly van owerheidsoptrede binne die nasionale koördineringsmeganisme wat moontlik 'n invloed kan uitoefen op die totaliteit van owerheidsoptrede.

Die Kabinetsekretariaat sal in hierdie verband met die sanksie van die Komitee van

# INHOUDSOPGAWE


